# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 6 November 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
Ds. Pieter van der Walt

**Tema: Toekomsbeplanning. Hoe beplan jy?**

Aan die einde van elke jaar is skole, universiteite, besighede, gemeentes besig met jaarprogramme vir die komende jaar. Vraag is: hoe beplan ons?

Ons teks lê die vaste beginsel neer. As die Here wil, sal ons dit of dat doen. Omdat ons nie weet wat volgende jaar en die toekoms inhou nie moet ons ons beplanninge in diepe afhanklikheid van die Here doen, en vra: Laat U wil geskied.

**Lofsang voor die diens**
Sb 1-2: 1, 2, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 199: 1, 2, 3; Votum; Seën; Sing: Ps 150-2: 1, 2; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Eksodus 20; Sing Ps 25-1: 2, 3; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Jakobus 4:11-17; Teksverse: Jakobus 4:13-17; Sing Ps 40-1: 4 (Tweede melodie) terwyl kleuters na hulle bediening gaan; Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed: Liefdegawes by die deure; Sing Ps 34-1: 1, 2 (Tweede melodie); Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

**18:00 AANDDIENS:**
Ds. Pieter van der Walt

**Tema: Hou vas, volhard tot die einde**

Die gemeente van Tiatira was een van die gemeentes in Klein-Asië van wie mooi dinge gesê word. Tog het hulle ‘n groot fout begaan. Hulle het die vrou Isebel in hulle midde toegelaat met haar onsedelike en afgodiese praktyke waarmee sy die christene verlei het.

Die gemeente van Tiatira en die kerk van vandag word opgeroep om vas te hou wat hulle het, om vas te hou aan die suiwer en onvervalste Woord van God, want bo alles gaan dit om die koningskap van Jesus Christus.

**Lofsang vooraf**
Ps 66-1: 1, 7

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 145-1: 1, 2, 12; Votum; Seën; loflied: Ps 115-1: 1, 2

**Verootmoedigingsdiens**
Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Openbaring 2:7-13
Teksvers: Openbaring 2:22, 23
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Dankgebed; Sing Sb 15-7: 4, 5; Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

November 2022

**Bid asb saam en dank God:**



***Deut 4:7 "Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid?"***

Gebed is eenvoudig om God se grootheid te erken!

- Ons sê dankie vir die gemeente van Jesus Christus! Dankie dat die Woord duidelik en helder oorgedra word Sondae en met ander geleenthede. Ons bid dat ds Piet n goeie tyd van rus, liggaamlik en geestelik sal ervaar.
- Dankie vir predikers in ons gemeente wat gaan uithelp met Woord-bediening! Ons bid vir elkeen wat voorberei en voordra!
- Ons bid in besonder vir die Kersmark – vir elkeen se beplanning, die uitvoer daarvan, elke klein takie dra by dat ons Kersmark 'n sukses sal wees.
- Bid asb saam vir die Kerssangdiens en dat die aand vol lofprysing en vreugde sal wees! Ons bid in besonder vir elkeen wat leiding neem! Dankie vir hul gawes!
- Ons bid vir ons kinders en studente wat eksamen skryf. Mag elkeen ook toegewy en pligsgetrou weergee wat geleer is die afgelope jaar! Laat elkeen ook dit doen tot eer van U, ons Vader in die hemel.
- Ons bid vir die "kersemmer/ kerspakkie" projek wat kleingroepe en wyke mee help! Laat ons wat het deel met ander wat minder het!
- Ons dra elkeen wat deur siekte of ouderdom beproef word aan die Here se sorg op! U is die ware geneesheer en gasheer vir ons!

Bid asb saam vir ons boeties en sussies wat vervolg word omdat hul Jesus Christus bely en Hom alleen wil dien (veral in hierdie feestelike tyd van die jaar!)

**Psalm 65:3 "aan U wat die gebed verhoor. Na U toe sal alle mense kom."**

---

*As U wil deel word van die gebedsgroep kontak asb. vir my? (Elsie -072 449 1982).*

**MEELEWING**

- Meisie van Wyk het erge ontsteking in haar been wat met medikasie en fisioterapie genees moet word.
- Naetta van Zyl se toetsuitslae is alles gunstig. Ons is saam met hulle dankbaar.
- Marie Oosthuizen se chemoterapie van 12 weke is voltooi en sy ondergaan op 22 Nov volledige toetse om die uitkoms van die behandeling vas te stel.

- Hennie Killian is in die hospitaal opgeneem vir behandeling. Hy was ook by die kardioloog en hulle is tevrede met sy toestand. Hy moet wel die 14 de November ‘n roetine-angiogram ondergaan.
- Andries du Plessis het kanker in sy onderste kakebeen ontwikkel. Die dokter is positief dat dit behandel kan word. Hy moet toetse ondergaan en oor twee weke sal daar besluit word watter behandeling hy moet ontvang. Intussen verduur hy baie pyn.
- Peet en Esta du Plooy se dogter, Sarona Strydom, het limfklierkanker en ons bid saam met hulle dat die behandeling suksesvol sal wees en dat sy volkome sal genees.
- Estette Bredenkamp was die afgelope week in Medikliniek opgeneem weens hartversaking, wat ‘n gebrek aan suurstof veroorsaak. Na heelwat toetse en behandeling, asook nuwe medikasie, is haar toestand besig om te stabiliseer en met suurstof op bystand, word sy verder tuis gemonitor.
- Frikkie Venter is in Medikliniek opgeneem met nierstene en is na behandeling ontslaan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen en Mariana du Plessis.

## LOSMAKING UIT DIE AMP AS OUDERLING

Hiermee verleen die kerkraad losmaking uit die amp as ouderling, aan br Tjaard Earle. Baie dankie vir jou getroue dienswerk oor die afgelope paar jaar.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie, sap en kuier
Katkisasie Les 21 - afsluiting
16:00 Kooroefening
18:00 Aanderediens

**Maandag**

Geen Kersmarkvergadering - skuif na 14 Nov.

**Dinsdag**

06:00 Manne-ondersteuningsgroep by Christo vd Walt

**Donderdag**

17:00 “Griefshare"

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir Thusofonds (klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 2 en 3.

## DS. PIET KRY LANGVERLOF : 1 Nov 2022 tot 31 Jan 2023

Die Kerkraad het aan ds Piet langverlof toegestaan na sy derde siklus van 5 jaar bediening in die gemeente. Bogenoemde tydperk is gekies omdat dit die minste impak op die gemeentelike bediening sal maak.

Reëlings is getref dat die bedieningswerk kan voortgaan met behulp van die predikante/professore in die gemeente en lidmate wat verantwoordelik neem vir sekere bedieninge. Alle eredienste gaan voort soos op die Kalender aangedui.

Die pastorale werk sal deur di Pieter vd Walt en Daan Bakker hanteer word. Lidmate word versoek om pastorale hulp wat benodig word by die Kerkkantoor of skriba Christo van der

Walt aan te meld wat dit aan die beskikbare predikant sal deurgee. Ander bedieningswerk wat normaalweg deur ds Piet hanteer word, sal volgens die Kalender vir 2023 eers vanaf Februarie geskeduleer word.

## KATKISASIE 2022 - Baie dankie

Ons wil graag namens die gemeente ons Kategete en hulpkategete bedank vir hulle dienswerk vanjaar:
Gr. 1 Corné Geyer; Gr. 2 Sonja Olivier; Gr. 3 Anneke Steenkamp; Gr. 4 Ansa Coetsee; Gr. 5 Surina Scholtz; Gr. 6 Christa van Zyl; Gr. 7 Pieter Geyer; Gr. 8 Hendrik vd Walt; Gr. 9 Cindy du Plessis; Gr. 10 Paul Smit; Gr. 11 Huib van Hamburg; Weekskatkisasie: Ds Piet

Corné, Ansa, Pieter en Huib het aangedui dat hulle nie weer vir volgende jaar beskikbaar is nie en ons wil hulle dan in besonder bedank vir die jare wat hulle as kategete gedien het.

**Ons benodig dus vir 2023 kategete vir gr 1, gr 6, gr 7 en gr 11.** Indien enige lidmaat belangstel om met hierdie bediening te help, kan julle met ds Piet in verbinding tree.

Die kerkraad het ook besluit dat die laerskoolsillabus vanaf volgende jaar verander en dat Gr 1 - 7 ook die GKSA se Katkisasiehandleidings gaan gebruik.
Baie dankie ook aan ouers en katkisante wat deur die loop van die jaar die kategetiese onderrig getrou bygewoon het.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 7 November**
Br Christiaan Burger

**Dinsdag, 8 November**
Sr Sonja Booyens
Sr Renette de Klerk

**Donderdag, 10 November**
Br Johan Rousseau

**Vrydag, 11 November**
Jbr Pieter Kruger
Sr Elize Schutte (Ben Akker)
Sr Estie vd Westhuizen

**Saterdag, 12 November**
Br Nicolaas Erasmus
Sr Hannari Lamprecht
Sr Santerien Minne
Sr Nicole Smits

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## KERSBEDERF

Baie dankie vir so ‘n positiewe gesindheid en vir almal wat bereid is om ‘n “Bederf-emmer” te pak. Dit word opreg waardeer!

Kontak gerus vir Hestie J v Rensburg (072 383 9510) indien jy enige navrae het hieroor.

## KERSMARK 2022
## OOR 2 WEKE SKOP ONS KERSMARK AF!

Liewe gemeente
Om ‘n sukses van hierdie groot projek te maak, het ons u gebede en u hulp baie nodig! Daar is hulplyste in die voorportaal – skryf asb jou naam op.
Hulp word benodig:

- Opsit en afhaal van plakkate
- Kombuis/Restaurant
- Kassiere
- Toesighouers

Skenkings / leen-items word benodig:

- Waaiers
- Tuintafels
- Borge

Kontak gerus vir Rieëtte of Adele indien jy enige navrae het of iewers wil betrokke raak.

## GKSA-NUUS

**Beroep ontvang**
Ds SA (Stephanu) de Villiers van GK Grootfontein na GK Vredenburg/Saldanha

**Leedwese**
Ds PJ (Petrus) van Blerk van GK Rietvallei is op 29 Oktober 2022 oorlede. Ds van Blerk

was die predikant van GK Birchleigh (1991-2000), GK Kemptonpark-Mooifontein (2000-2005), GK Vereeniging-Oos (2005-2007), GK Rustenburg-Wes (2007- 2015) en GK Rietvallei (2015-2022).

**Die Teologiese Skool Potcefstroom bied aan**

**TSP HERLAAI (RECHARGE): WETENSKAP EN GELOOF IN DIALOOG**

Ons nooi alle belangstellendes vriendelik uit na ons volgende 'TSP-herlaai'-geleentheid.

Tema: **Wetenskap en Geloof in Dialoog**
Spreker: Prof Frik van Niekerk
Datum en tyd: 14 Nov 2022 om 15:00-18:00
Lokaal: Konferensielokaal Fakulteit Teologie (K23-204) en virtueel
Registrasiefooi: Aanlyn: R100.
In persoon: R250 (sluit verversings in)
Studente: R50

Registreer asb. teen 8 November deur die volgende skakel te volg: https://forms.gle/5knTQpqZT8uzDS9J6

Tydens die gesprek *Wetenskap en Geloof in Dialoog* word oortuigende argumente vir harmonie tussen natuurwetenskap en teïsme (God het geskep en bly persoonlik betrokke by sy skepping) aangebied. Argumente word aangebied dat wetenskaplike bevindings teïsme bevestig. Die natuur is georden volgens verstaanbare, rasionele, konsekwente wette, wat bevestig dat daar 'n Skeppergod moet wees.

Hierdie uitgangspunt word deur onlangse ontwikkelings in die moderne natuurwetenskap bevestig:

· Die ontdekking dat die heelal 'n begin gehad het en die oorvloedige wetenskaplike getuienis van fyninstelling word ten beste verduidelik deur 'n teïstiese lewens-en wêreldbeskouing.
· Naturalistiese verklarings vir die bestaan van die heelal en lewe skiet te kort.

Ses mites wat bygedra het tot die teorie dat daar konflik tussen wetenskap en geloof bestaan, word tydens die geleentheid ontbloot.

**KENNISGEWINGBORD**

- Vakature: GK Die Bult - Administratiewe bestuurder
- Vakansieverblyf beskikbaar: Dikhololo (naby Brits) 9-16 Desember 2022.
  Kontak Marinda 073 141 6100
- GK Die Bult: Afskopkamp https://forms.gle/Mq4kGEXhSKkEJ2Ft9

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## NAGMAALETE: 13 NOVEMBER

Anna Smith en die susters van Blok B nooi julle graag uit na ons Nagmaalete. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur om jou plek te bespreek.

Besprekings sluit: Woensdag 9 November om 12:00

Spyskaart: Tropiese hoenderslaai, Frikkadelle, Broodslaai, Ertjie- en mielieslaai,

Kool- en wortelslaai


Nagereg: Koekstruif/"Trifle"

## KWARTAALPROGRAM

| VIERDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | **DAG** | **TYD** | **WIE** | **WAT** |
| 13 Nov | Sondag | 12:00 | Blok B | Nagmaalete |
| **20 Nov** | **Sondag** | **18:00** | **Bestuur en groepsusters** | **Kerssangdiens** |
| 24 Nov - 3 Des | Don - Sat | 07:00 tot 20:00 | Almal | Mooirivier Kersmark |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# OOSD☺PPERTJIES

## JOHANNES 14:27

**“Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.”**

Verbind die kolletjies en kleur die prentjie in.

